



Dadelik!

Uitgawe# 3

Kyk terug

Hoe het verlede week se gesprek deel van jou lewe geword?

Openingsgebed

Here Jesus, dankie dat u ons Helper is. Dankie, dat u elke oomblik van ons lewens met ons is. Dankie, dat u ons kom red het van die dood. Amen

Gesprekspunt#1

**Lees die verhaal hieronder en dink oor die woorde: Vir jou môre, het ons ons vandag gegee.
Wat beteken dit vir jou dat ander hulle lewens vir jou gewaag het?**



Iemand het vertel hoe sy oorlede oupa in die Tweede Wêreldoorlog vir die "allied forces" geveg het. Sy graf is tussen ander Suid-Afrikaanse veterane, wat bekend gestaan het as die M.O.T.H's (Memorable Order of Tin Hats). Hulle het hul lewens op die spel geplaas ter wille van wêreldvrede en vir die einste mense wat vandag hierdie woorde lees. By hulle laaste rusplek is daar 'n gedenksteen met die volgende woorde:

"For Your Tomorrow We Gave Our Today."

Gesprekspunt#2

Is jy al ooit gered of het jy al gesien hoe iemand gered word, deel dit.

Wat het gebeur?

Hoekom moet iemand dadelik gered word?

Wanneer iemand se lewe bedreig word, sal hulle enigiets doen om gered te word. Hulle het nie die tyd om te wag sodat 'n kommissie eers gevorm word of 'n agenda opgestel word, hulle kan nie eers wag dat hulle redders hulle eers vertel wat hulle verkeerd gedoen het en hoe om in die vervolg gevare te vermy voordat hulle gered word nie.

WAAR of VALS: Wanneer iemand gered moet word, moet hulle dadelik gered word!?

Gesprekspunt#3

LEES

MATTEÛS 11:22-32

Wat tref jou in hierdie gedeelte?

Wat dink jy is hoofgedagte in hierdie gedeelte?

Hoekom het Jesus nie eers vir Petrus “gepreek” voor Hy hom gered het nie?

Hoekom het Jesus vir Petrus eers na die tyd op sy foute gewys?

Hoe help hierdie daad van Jesus ons om die kruisiging te verstaan?

Wat leer ons uit Petrus se desperate uitroep van “Here, help my!”?

As jy Petrus was, hoe sou jy die storie en jou wedervaringe oorvertel? Wat wil Jesus vir jou deur hierdie verhaal leer? Hoe sal dit lyk as Christen-gelowiges hierdie beginsel of les in hulle lewens begin toepas? Hoe kan jy dit deelmaak van jou lewe?

Die een wat red / die redder (the rescuer):

Die een wat red is iemand wat altyd gereed is om ander wat in nood is te help – meestal sonder aarsel. Veral as die ander person se lewe in gevaar is.

Die een wat gered word / die gereddene (the saved)

Die een wat gered word is iemand wat uit ’n gevaarlike situasie gered word. Maar hulle kan nie gered word as daar nie iemand is wat bereid is om hulle te red nie.

SLEUTELVERS

Matteus 14:31

Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom (Petrus) gegryp en vir hom gesê: “Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?”

Gebedsversoeke:

Uitsending

Genadige God, wanneer ek u nodig het, is u altyd gereed om te help. Wanneer ek na u uitroep, sal u u hand uitsteek en my help. Laat my leef met die wete dat u altyd daar is. Leer my om altyd my oë op U te hou. Amen.

Enige vrae: chatter@coffeachatconnect.com

Wie fasiliteer die volgende #CCC?

Plek: _____

Datum & Tyd: _____

Kyk in die spieël

Voltooi dit by die huis

Jesus is die Groot Redder. God het ons kom red deur Jesus na ons te stuur. Lees Johannes 3:16-21. Het jy geweet dat Jesus jou kom red het? Het jy geweet dat sy offer vir “jou môre” was? Het jy geweet dat jy Hom nou as jou Redder kan aanvaar? Jy kan slegs bid en vra: “Here, help my!” Laat Hom ingryp.